# GESKIEDENIS OP SKOOL IN DIE BRANDING: ENKELE HISTORIESE PERSPEKTIEWE*

***Dr. André Wessels***
***Departement Geskiedenis***
***Universiteit van die Oranje-Vrystaat***

## 1. INLEIDING

In die uitdagingsvolle oorgangsfase in die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika wat tans beleef word, is dit noodsaaklik dat geskiedenisonderwysers hulself op 'n deurlopende grondslag sal oriënteer ten opsigte van dìt wat om hul aangaan op byvoorbeeld die opvoedkundige, politieke en dus ook die historiese akker. Geskiedenisonderwysers moet ook die posisie van hul vak in 'n dramaties veranderende politieke en opvoedkundige milieu in oënskou neem.

Die doel van hierdie artikel is om kortliks die huidige historiese landskap te verken en enkele perspektiewe ten opsigte van die stand van Geskiedenis op skoolvlak te gee; kortliks bestek op te neem van die situasie waarin die Geskiedenisonderwyser homself[1] tans bevind en 'n paar wyses waarop dié situasie hanteer kan word, aan te dui. Dit word gedoen deur enkele tendense en sake te bespreek wat vir die Geskiedenisonderwyser in die huidige tydsgewrig problematies kan wees, deur aan die hand van praktiese voorbeelde perspektief op dié toedrag van sake te gee en deur ten slotte enkele moontlike hanteringswyses voor te stel.

## 2. SLAGGATE EN UITDAGINGS

Dit is noodsaaklik dat <u>alle</u> Suid-Afrikaners hulle sal <u>her</u>oriënteer ten opsigte van die veranderinge wat op sovele vlakke en terreine plaasvind. Die gevaar bestaan dat Geskiedenis weer eens misbruik kan word, maar indien die Geskiedenisonderwyser goed toegerus is en sy vak in die regte gees en gesindheid beoefen, kan Geskiedenis ook op skoolvlak 'n belangrike rol in die proses van heroriëntering speel.

Die gebeure aan die politieke front sedert 2 Februarie 1990 het nie net 'n totaal nuwe politieke bedeling en regeringsverandering tot gevolg gehad nie, maar het verreikende implikasies vir alle lewensterreine ingehou - ook vir die onderwys. Vanuit 'n historiese oogpunt gesien, word dramatiese tye belewe, met nuwe historiese feite wat daagliks opgestapel word; feite wat verwerk, geïnterpreteer, geboekstaaf en aan leerlinge, studente en andere oorgedra moet word. Juis daarom is dit ironies dat soveel mense in die huidige tydsgewrig die relevansie van Geskiedenis bevraagteken en dat die aantal leerlinge in tradisoneel blanke skole wat die vak tot in Standerd 10 neem, die afgelope dekade en langer afgeneem het. Die redes vir hierdie tendens is al deeglik ondersoek[2] en dit wil voorkom of dié dalende tendens in die afsienbare toekoms sal voortduur.

Oor baie jare heen het Geskiedenisonderwysers in Suid-Afrika handboeke gehad wat feitlik uitsluitlik vanuit die blanke (en selfs die Afrikaner) se oogpunt geskryf is. Hoewel dit nie noodwendig die oogmerk van al die handboekskrywers was nie, wil dit soms voorkom of die handboeke vanuit 'n apartheidsparadigma geskryf is en die legitimering van die apartheidsregime ten doel gehad het.

Nou bestaan die moontlikheid egter as gevolg van nuwe sillabusse, en met verloop van tyd nuwe handboeke, 'n bykans totaal teenoorgestelde standpunt die klaskamer ingedra sal word, naamlik dié van die swart nasionalisme. Een politieke regime is deur 'n ander vervang en die ganse Suid-Afrikaanse samelewing word geleidelik aan 'n proses van verandering onderwerp. Sedert 1948 was daar 'n "heropbou- en ontwikkelingsprogram" in terme van die apartheidsideologie. Die hoeksteen van die huidige regering se beleid is die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) soos oorspronklik geïnisieer en uitgewerk deur die ANC-SAKP-COSATU-alliansie.[3]

Die vraag is of (en indien wel, hoe) die georganiseerde onderwys hul gaan posisioneer ten opsigte van die HOP en of die bestudering van Geskiedenis 'n rol in hierdie verband kan of mag speel. Oor baie jare is Geskiedenis op skoolvlak reeds in 'n mindere of meerdere mate gepolitiseer: in sommige van die sogenaamde "swart skole" as deel van die propagandastryd teen apartheid

*Gebaseer op 'n referaat gelewer tydens 'n simposium vir geskiedenis onderwysers, Kroonstad, 28 Oktober 1994 en Bloemfontein 29 Oktober 1994.

en in sommige blanke Afrikaanse skole om Afrikanernasionalisme te bevorder; alles ten koste van die wese van die vak. Oor die presiese aard, omvang en implikasies van hierdie omstrede kwessie, sal hopelik nog in die afsienbare toekoms navorsing gedoen word.

Met in ag neming van demografiese realiteite en die feit dat daar gewerk word in die rigting van een nasionale onderwysdepartement, sal die meeste skole kinders van alle rassegroepe *moet* akkommodeer. Aangesien verskillende kultuurgroepe geneig is om die geskiedenis in terme van hul eie waardes en ideale te interpreteer, is daar nou in omtrent alle skole kinders wat uiteenlopende standpunte in verband met die aanbieding en interpretasie van die verlede huldig. Dìt stel besondere eise aan die Geskiedenisonderwyser. Die geskiedenis is egter deurspek met gebeure wat op verskillende wyses geïnterpreteer kan word.

## 3. ENKELE PRAKTIESE VOORBEELDE UIT 'N OMSTREDE VERLEDE.

Die gee van verskillende interpretasies aan bepaalde historiese gebeure, is nie 'n nuwe tendens in die dosering van Geskiedenis nie en is streng gesproke ook nie problematies nie; trouens, dit is noodsaaklik vir die voortbestaan van Geskiedenis-as-wetenskap en behoort ook die lewensbloed van Geskiedenis op skoolvlak te wees. Leerlinge moet aangemoedig word om op genuanseerde wyse van mekaar (en van die onderwyser) te verskil en om nie die handboek (of onderwyser) klakkeloos na te praat nie.

Vervolgens word drie voorbeelde kortliks bespreek wat ook in die skoolklaskamer gebruik kan word om debat te stimuleer:

### (a) Die slag by Bloedrivier, 16 Desember 1838

Vanuit blanke apartheids-Afrikaneroogpunt word geredeneer dat die slag by Bloedrivier die "finale" botsing was tussen wit en swart, Christen en heiden, om te bepaal wie in die binneland van wat vandag Suid-Afrika is, die septer sou swaai. Die gebeure van 16 Desember 1838 - soos ook die hele Groot Trek - is egter nie so eenvoudig nie. Geruime tyd reeds word die sogenaamde "wonder van Bloedrivier" bevraagteken[4] en daar kan ook geredeneer word dat die Groot Trek in die teken van Afrikanerekspansionisme (imperialisme) staan. Vanuit 'n suiwer militêre oogpunt gesien, dien daarop gelet te word dat indien daar enigsins sprake is van 'n "keerpunt" ten opsigte van die Groot Trek, dit eerder die slag by die Wit-Umfolozi (27 Desember 1838) as Bloedrivier was. Indien die Voortrekkers by die Wit-Umfolozi die onderspit gedelf het - iets wat aanvanklik byna gebeur het[5] - sou dit immers die Bloedrivier-oorwinning ongedaan gemaak het.

Swart mense het uiteraard ook hulle eie interpretasie van die Groot Trek. Pogings om die gebeure bloot in terme van rassisme te verklaar, het misluk en vervolgens is gepoog om dit in terme van historiese materialisme te verklaar. Die *feite* in verband met die slag by Bloedrivier en die Groot Trek in die algemeen is nie in dispuut nie - wel die wyse waarop dit geïnterpreteer moet word. Tot dusver is die debat in verband met die Groot Trek hoofsaaklik tussen blankes onderling gevoer. Hopelik sal swart mense se standpunte in die toekoms tot 'n veel groter mate by die hoofstroomdebat betrek word.[6] In hierdie verband kan ook die skoolklaskamer 'n belangrike rol speel.

### (b) Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902

Hierdie oorlog was veronderstel om 'n witmansoorlog en 'n "gentleman's"-oorlog te wees, maar in die praktyk was dit uiteindelik nóg die een nóg die ander. Ten minste 100 000 swart en bruin mense het aan Britse kant diens gedoen, hetsy in 'n vegtende of nie-vegtende hoedanigheid, terwyl ten minste 10 000 swart en bruin mense aan Boerekant diens gedoen het.[7] Met verloop van tyd het die stryd tot 'n regionale (bykans) algemene oorlog ontaard, veral as gevolg van die Britse bevelvoerders se toepassing van 'n verskroeide-aarde-beleid met die daarmee gepaardgaande konsentrasie-kampe, waarin uiteindelik ongeveer 28 000 Boere burgerlikes en ten minste 14 000 (maar miskien selfs méér as 28 000) swart burgerlikes gesterf het.[8]

Selfs die naam van die oorlog is omstrede. Baie Engelssprekendes verkies die benaming *Boer War* (Boereoorlog), terwyl talle Afrikaners weer praat van die *Engelse Oorlog* of *Tweede Vryheidsoorlog* (in onderskeiding van die Eerste Vryheidsoorlog van 1880 tot 1881). Vanuit swart geledere en revisionistiese oogpunt word weer eerder van die *South African War* (Suid-Afrikaanse Oorlog) gepraat, hoewel die term *Anglo-Boereoorlog (1899-1902)* waarskynlik tegelyk die mees beskrywende en mins omstrede term is.[9]

Ook ten opsigte van hierdie oorlog is daar dus verskillende invalshoeke en benaderings. Daar kan selfs beweer word dat dit kenmerke van 'n burgeroorlog gehad het.[10] Die een standpunt is nie noodwendig reg en die ander verkeerd nie. Alles hang af van 'n mens se uitgangspunt; van die paradigma van waaruit gewerk word. Met die honderdjarige herdenking van die oorlog wat binne enkele jare 'n aanvang gaan neem, is daar toenemende belangstelling in die geskiedenis van dié stryd en kan aanvaar word dat binne die volgende dekade talle nuwe publikasies daaroor die lig sal sien, asook nuwe interpretasies. Met pen en ink gaan die Anglo-Boereoorlog dus by wyse van spreke oorgeveg word. Hopelik sal die waarheid nie die eerste ongeval van dié "stryd" wees nie. Ook die skoolklaskamer is egter 'n ideale "strydperk" vir die "oorveg" van die

verlede: met argument en teenargument en al die kennis en insigte wat daaruit kan voortvloei.

### (c) Die African National Congress (ANC)

Vir baie dekades het die letters **A-N-C** waarskynlik vir die meeste blankes geen betekenisinhoud gehad nie, terwyl dit vir polities-bewuste swart mense 'n sprankie hoop op die toekoms gebied het. Gedurende die vyftigerjare het die ANC egter in sowel berugtheid as statuur gegroei, hoofsaaklik as gevolg van of danksy byvoorbeeld die aanvaarding van die *Freedom Charter* en die Hoogverraadverhoor.[11] In 1960 is die ANC saam met die Pan-Africanist Congress (PAC) in die ban gedoen, maar die ANC het ondergronds met sy aktiwiteite voortgegaan, onder meer met behulp van sy militêre vleuel, Umkhonto weSizwe (MK).[12]

In die sewentigerjare het Suid-Afrikaners via regeringskanale verneem dat minder as 1% van alle swart inwoners die ANC gesteun het. Temidde van groeiende onrus, geweld en terreur het die regering van die dag blankes (waarskynlik met 'n groot mate van sukses) in die jare tagtig probeer oortuig dat die ANC die steun van minder as 10% van die swart bevolking geniet het. Op 2 Februarie 1990 is die ANC en talle ander organisasies ontban en tydens die algemene verkiesing van Februarie 1994 het die ANC en sy bondgenote op nasionale vlak 62,65% van die stemme op hul verenig.[13]

Dit is duidelik dat die ANC 'n organisasie is wat, om verskillende redes, uiteenlopend voorgestel kan word: kampvegter vir onderdrukte swart mense, minderwaardige politiek organisasie, terreurorganisasie, bevrydingsbeweging en noem maar so op. Soos in die geval van byvoorbeeld die PAC, SAKP, DP, NP, KP en AWB, is ook die ANC al in die verlede gestereotipeer.

Kennis en insig is voorwaardes vir oorwinning in die stryd teen stereotipering en teen diegene wat doelbewus verkeerde persepsies skep. Dit is dus noodsaaklik dat _feite_ op die tafel geplaas word. Tot en met ongeveer 1990 was talle boeke oor die geskiedenis van Suid-Afrika verbode en kon dié publikasies - asook groot volumes dokumente - slegs in die buiteland geraadpleeg word. Onder die verbode werke was byvoorbeeld die gesaghebbende bronnepublikasies van Thomas Karis en Gwendolen Carter, _From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa 1882-1964_ (3 volumes, Stanford, 1972-1973) wat slegs onder toesig geraadpleeg kon word. Leerlinge, studente, navorsers _en_ die belangstellende lede van die publiek het veel ontbeer omdat hulle nie vrye toegang tot hierdie tipe publikasies gehad het nie. As 'n reël is dit van die uiterste belang dat ook leerlinge aan oorspronlike dokumente (al is dit dan soos gepubliseer in bronnepublikasies) blootgestel sal word, aan die onverwerkte _feite_, sodat hulle op dié wyse so eerstehands as moontlik met die verlede kan kennis maak en self 'n eie, onafhanklike, gemotiveerde standpunt kan formuleer. Daarom is bronnepublikasies - veral indien dit geredigeer en geannoteer is - ook van besondere belang in die bestudering van geskiedenis.

* * * * *

Die feit dat daar verskillende standpunte bestaan ten opsigte van byvoorbeeld Bloedrivier, die Anglo-Boereoorlog en die ANC, behoort nie probleme vir die belese Geskiedenisonderwyser te skep nie. Die verskillende standpunte moet bloot langs (en nie noodwendig teenoor) mekaar gestel word. Die leerling moet kennis neem van die verskillende standpunte en gelei word om 'n eie genuanseerde standpunt te kan inneem en te verdedig. Die _feite_ in verband met Bloedrivier, die Anglo-Boereoorlog en die ANC staan immers vas; dit is bloot die interpretasies wat verskil.

In navolging van wyle prof. F.A. van Jaarsveld word 'n multiperspektiwiese benadering bepleit. Hy sê tereg dat om lewens- en wêreldbeskoulike redes dit moeilik sal wees om één algemene geskiedenis te skryf wat vir alle Suid-Afrikaners aanvaarbaar sal wees.[14] Nogtans het baie inwoners van die land die behoefte aan 'n geskiedbeeld wat kleurskeidslyne transendeer en hulle sal laat voel dat hulle tot één nasie en één vaderland behoort.[15] Naas so 'n algemene geskiedbeeld kan verskillende individuele (of etniese of groeps-) geskiedbeelde bestaan, wat elk op sy eie wyse perspektief gee ten opsigte van die land se geskiedenis.

Net soos verskillende geskiedbeelde en die integrering daarvan tot 'n multiperspektiwiese beeld verrykend kan inwerk op die beoefening van geskiedenis, kan ook die sogenaamde herskryf of oorskryf van die geskiedenis veel inhou wat positief is. Die historikus - en die Geskiedenisonderwyser - moet voortdurend hand in eie boesem steek, sy standpunte op 'n deurlopende grondslag aan kritiese beoordeling onderwerp, sodoende nuwe insigte verwerf en dit aan ander oordra. Die vraag is in welke mate geskiedenisonderwysers in die verlede kennis geneem het van tendense, strominge en debatte in die vakwetenskap en deelgeneem het aan die debat. Lidmaatskap van geskiedenisverenigings en die bestudering van die jongste geskiedenistydskrifte en -boeke is in hierdie verband van groot belang.

Onderwysers wat gereeld vakverenigingkongresse bywoon, sou reeds in die loop van die tagtigerjare kennis geneem het van die sogenaamde "people's history". Voorstanders van "people's history" wil 'n beter begrip kweek vir die Suid-Afrikaanse verlede-werklikheid en wil die Suid-Afrikaanse samelewing

## 4. Omgekeerde rassisme

Weerstand het volgens Van Jaarsveld "nog altyd opgeborrel by diegene wie se geskiedenis verbode, uitgesluit, geringgeskat of in leerplanne verwaarloos is."[43] As gevolg van die negering van die Swartes se geskiedenis het die "people's history"- en "history workshop"-idee posgevat. "People's history is in sy wese daardie geskiedenis wat vir 'n spesifieke groep relevant is en rekening hou met sy strewes en waardes.[44] Die begrip "people's history" is egter verpolitiseer en het sedert 1986 uitgekring tot 'n landswye beweging toe anti-apartheidsaktiviste die idee van "people's education for people's power" begin propageer het.[45] Soos vroeër by die Afrikaners, moet geskiedenis gebruik word vir politieke doeleindes: die koms van die blankes het gelei tot die verowering, onderwerping en onderdrukking van die inheemse Afrika-inwoners teen wie 'n driehonderdjarige stryd gevoer is om die behoud van die land.

In 'n studie oor geskiedenisonderrig in onafhanklike Afrikalande het Oosthuizen gevind dat die tydperk voor kolonisasie beskryf word as vooruitstrewend en konflikvry.[46] Met die koms van die blanke is die vooruitgang en rus versteur deur eksploitasie, degradasie, stryd en oorlog. Dus: "by the time historians have finished with him, the white man is shown up as an out and out ruffian and cut-throat with no sense of decency or respect for human values.[47]

Geskiedskrywing deur Swartes in Suid-Afrika toon onder andere die volgende tendense:

* Swartes beklee 'n sentrale posisie in die geskiedenis wat hulle skrywe. Die Eurosentriese geskiedenisbeeld word verwerp.
* Die blankes word meestal as die onderdrukker/uitbuiter van die Swartes gesien en as koloniste, imperialiste of setlaars getipeer.
* Blankes se verontregting van Swartes is die oorheersende tema van dié skrywers se werk.
* Aan swart verset teen blanke oorheersing word baie aandag gegee. Die verset word uit die geskiedenis geregverdig.
* Die optrede van sekere versetgroepe word beklemtoon. Dié werke het meestal 'n propagandistiese strekking.
* Dié historici identifiseer hulleself volledig met die strewe van die Swartes. Dit is nie geskiedskrywing van buite nie, maar betrokke geskiedskrywing.[48]

Dié tendense kan moontlik in skoolgeskiedenis sy neerslag vind. In 'n berig in die *Sunday Times* onder die opskrif "The end of history as we knew it" word daar onder andere berig dat "new school textbooks will debunk myths about the Great Trek ... Sached's rewritten version of the trekker's flight from British opression is less flattering and more critical than that taught under NP rule."[49] Van Jaarsveld wys daarop dat "wit kinders ... moontlik op skool geleer (sal) word van die misdade van apartheid, waarvoor hulle en hulle kinders onder die las van 'n kollektiewe skuld waarskynlik dekades sal moet boet soos dit die geval met die Duitsers na 1945 was."[50] Die herskrywing van die geskiedenis kan volgens Van Jaarsveld lei tot "'n gefabriseerde 'nuwe' verlede, dit is, 'n verideologiseerde en skrywers se verpolitiseerde geskiedenis wat kritiek op die verlede uitspreek met die oog op 'n beter toekoms." Dit kan lei tot 'n "verswarting" van die ganse verlede asof blankes slegs 'n negatiewe en destruktiewe aandeel daaraan gehad het.[51]

## 5. Die moontlike waarde van skoolgeskiedenis in die afbreek van rassisme

Onderwys, en in besonder skoolgeskiedenis, het volgens Benedict 'n belangrike rol te speel in die afbreek van rassisme.[52] Rassisme is egter diep ingebed in die Suid-Afrikaanse samelewing en sal nie oornag verdwyn in die nuwe Suid-Afrika nie. Slegs wanneer alle onderwysbelanghebbendes, nie net die geskiedenisonderwysers, -handboekskrywers en -leerplansamestellers nie saamwerk in die daarstelling van 'n gemeenskap vry van rassevooroordeel, sal rassisme afgebreek kan word.

Geskiedenisonderrig is meer as intellektuele verryking: dit behels onder andere ook die sosiale, geestelike, morele en politieke ontwikkeling van die kind.[53] Leerlinge sal slegs die begrip en respek vir ander groepe, erkenning van ander se regte, en die besef dat alle groepe deel is van die Suid-Afrikaanse samelewing, kan ontwikkel indien skoolgeskiedenis nie misbruik word ter bevordering van die ideologie van die regerende party nie, maar gebaseer is op feite en 'n deeglike analitiese-sintese.

Deur kennis, begrip en empatie vir ander rasse kan 'n demokratiese bewussyn by die kind gekweek word: die ware demokraat is nie 'n rassis nie.

Geskiedenis is slegs die moeite werd as dit soeke na kennis die waarheid nastreef.[54] Deur eensydige seleksie, ongebalanseerde aanbieding en aannames, die

Geskiedenisonderrig moet bevry word van byvoorbeeld stereotipes en vooroordele. Die klem behoort ook meer te val op die verwerwing van vaardighede, insluitende die vermoë om selfstandig navorsing te doen, gedagtes op papier uit te druk en krities ingestel te wees.

Die historiese landskap is tans besaai met die reste van 'n apartheidsverlede, 'n verlede wat genuanseerd en professioneel bestudeer, verwerk en so ver moontlik ook beskryf moet word - onder meer sodat daar nooit vergeet sal word nie, maar wel waar nodig vergewe sal word en sáám aan 'n beter toekoms gebou kan word.

Veral wat die blanke deel van die bevolking betref, is daar rede om bekommerd te wees oor die aantal leerlinge wat Geskiedenis tot in matriek neem, terwyl in die algemeen daar besin moet word oor die handhawing en uitbouing van standaarde, ook wat betref die verwerwing van vaardighede. Die Geskiedenis-onderwyser word waarskynlik tans voor groter uitdagings geplaas as ooit tevore in die geskiedenis van onderrig in Suid-Afrika. Slaggate is volop; geskiedenis op skool is in die branding, maar die uitdagings en geleenthede maak dit alles die moeite werd.

## VERWYSINGS

1. Om praktiese redes en ten einde langdradigheid te vermy, word die terme "hy/hom" gebruik om ook "sy/haar" aan te dui, en die term "onderwyser" om ook "onderwyseres" aan te dui. Geen seksisme word geïmpliseer met die gebruik van die manlike vorme nie.

2. Kyk bv. S.L. Barnard (et al.): **'n Ondersoek na die stand van geskiedenis as onderrigvak op skoolvlak binne blanke hoërskole in die Republiek van Suid-Afrika**. Bloemfontein, 1991.

3. Kyk bv. **A basic guide to the Reconstruction and Development Programme; RDP challenges; RDP white paper: discussion document**.

4. Kyk bv. B.J. Liebenberg: Mites rondom Bloedrivier en die Gelofte. **Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal**, 20 Nov. 1988, pp. 17-32.

5. Kyk bv. C.F.J. Muller [red.]: **Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis**. Derde uitgawe, Pretoria, 1985, p. 169.

6. W.R.L. Gebhard: Changing black perspectives of the Great Trek. **Historia**, 33(2), Nov. 1988, p. 50.

7. T. Pakenham: **The Boer War**. Johannesburg, 1979, pp. 547-548, 573; P. Warwick: **Black people and the South African War 1899-1902**. Cambridge, 1983, pp. 4-5; P. Warwick [ed.]: **The South African War: the Anglo-Boer War 1899-1902**. Harlow, 1980, pp. 62, 191, 196, 201.

8. Kyk bv. S.B. Spies: **Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer republics, January 1900 - May 1902**. Kaapstad, 1977, pp. 265-266.

9. A. Wessels: **Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902: 'n oorsig van die militêre verloop van die stryd**. Bloemfontein, 1991, p.1.

10. I.R. Smith: The origins of the South African War (1899-1902): a re-appraisal. **Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal**, 22, Nov. 1990, p. 24.

11. Kyk bv. T. Karis en G.M. Carter [reds.]: **From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa 1882-1964**. Vol 3. Stanford, 1973, p. 3 **et seq**.

12. Kyk bv. R. Kasrils: **Armed and dangerous: my undercover struggle against apartheid**. Oxford, 1993, p. 35 et seq.

13. Wat betref die aanloop tot, verloop van en uitslag van die verkiesing, kyk A. Reynolds [red.]: **Election '94 South Africa: the campaigns, the results and future prospects**. Claremont, 1994.

14. F.A. van Jaarsveld: Hervertolking in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing: veranderde historiese bewussyne en nuwe beeldvormings van die verlede. **Tydskrif vir Geesteswetenskappe**, 29(4), Des. 1989, p. 289.

15. F.A. van Jaarsveld: **Moderne geskiedskrywing: opstelle oor 'n nuwe benadering tot geskiedenis**. Durban, s.a., p.[xi].

16. Van Jaarsveld: **Tydskrif vir Geesteswetenskappe**, 29(4), Des. 1989, p. 283.

17. F.A. van Jaarsveld: Omstrede Suid-Afrikaanse skoolgeskiedenis. **Historia**, 34(2), Nov. 1989, p. 10.

18. Van Jaarsveld: **Tydskrif vir Geesteswetenskappe**, 29(4), Des. 1989, p. 286.

19. F.A. van Jaarsveld: Wat gaan met geskiedenisonderrig op skool gebeur? **Geskiedenis en perspektief** [SAUK-publikasie], 1994, p. 82.

20. Van Jaarsveld: **Historia**, 34(2), Nov. 1989, p. 15.

---

## SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VIR GESKIEDENISONDERRIG (SAVGO)/SOUTH AFRICAN SOCIETY FOR HISTORY TEACHING (SASHT)

### BESTUUR 1995-1996/EXECUTIVE 1995-1996

**Voorsitter**

Dr. M. Broodryk, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Port Elizabeth, Posbus 1600, Port Elizabeth, 6000

Tel: (041) 504-2389 (w); (041) 552302 (h)
Faks: (041) 504-2574
E-pos: P. Bean TTAPB@upe.ac.za

**Vice-Chairperson**

Mr. R. Sieborger, School of Education, University of Cape Town, Rondebosch, 7700

Tel: (021) 650-3370 (w)
Fax: (021) 650-3489
E-Mail: RFS@EDUCATIONUCT.AC.ZA

**Sekretaresse**

Dr. E. van Eeden, Departement Geskiedenis, PU vir CHO, Potchefstroom, 2520

Tel: (0148) 99-1599 (w); (0148) 297-8124 (h)
Faks: (0148) 99-2799

**Tesourier**

Mev. E. van Rooyen, Departement Geskiedenis, Posbus 7209, Stellenbosch, 7599

Tel: (021) 808-2186 (w)
E-pos: EMVR@MATIES.SUN.AC.ZA

**Lede/Members**

* Prof. P.H. Kapp, Departement Geskiedenis, Posbus 7209, Stellenbosch, 7599
  Tel: (021) 808-2179 (w)

* Mrs C. Dyer, Edgewood College of Education, Private Bag X03, Ashwood, 3605
  Tel: (031) 700-1455 (w); (031) 23-4439
  Fax: (031) 700-2962

* Mr Bruce Mohammed, 47 8th Avenue, Fairways, 7800
  Tel: (021) 73227 (w)